education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NATIONAL SENIOR CERTIFICATE

## GRAAD 12

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

## VRAESTEL 3: SKRYF

## MODELVRAESTEL

## MEMORANDUM EN ASSESSERINGSRIGLYNE

## 2008

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

**LEERUITKOMS 3: SKRYF EN AANBIED**

**ALGEMENE RIGLYNE BY DIE ASSESSERING VAN VRAESTEL 3**

1. Bestudeer en bespreek die rubriek baie deeglik. Let veral daarop dat beplanning en redigering by die rubriek ingesluit is.

2. As skryfstukke **heeltemal** uit die vraestel saamgeflans word / dele van opdragte uit die vraestel word net so oorgeskryf, sal die skryfstuk nie logies opeenvolg nie en die leerder ontvang dan **geen punte nie**. Kommentaar sal wees: **Geen eie werk nie / Saamgeflans**

3. As ŉ onderwerp misgetas word, word die leerder streng gepenaliseer m.b.t. die inhoud (ŉ baie lae punt), maar die taal word normaalweg nagesien.

4. Maak gebruik van die volgende simbole/tekens by die nasien van skryfwerk ter wille van eenvoud en eenvormigheid.

| **SIMBOOL** | **BESKRYWING** | **VERDUIDELIKING** |
|---|---|---|
| **O** | Sirkel | Spelfout / punktuasiefout |
| **__** | Kort strepie onder ŉ woord | Foutiewe woord |
| **______** | Lang(er) streep onder ŉ sin(sgedeelte) | Foutiewe sinskonstruksie/woordorde |
| **^** | Weggelaatteken | Woord(e) weggelaat |
| **T** (in die kantlyn) | Hoofletter *T* | Tye verwar |
| **? / [ / ]**(in die kantlyn) | Groot vraagteken / een vierkanthakie / kronkelstreep | Onduidelik / onverstaanbaar |
| **hh** (in die kantlyn) | Dubbele *hh* | Herhaling (van gedagtes) |
| **VR** | Vraestel | Dele net so uit vraestel oorgeskryf |

## ALGEMEEN

- **Maak gebruik van die rubrieke (A, B en C) in die Assesseringsriglyne**
- **Maak gebruik van die tabel wat INHOUD en TAAL/STYL verder ontleed.**

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1.1

**VERHALENDE OPSTEL**

| |
|---|
| • vertel ŉ storie/gebeurtenis (meestal uit die verlede.) Dit kan vanuit enige perspektief geskryf word |

- daar moet ŉ sterk storielyn wees
- moet oortuigend wees as dit op fantasie gebaseer
- die inleiding moet die leser se aandag vasvang
- ŉ goeie storie maak dikwels ŉ stelling
- ŉ buitengewone slot rond dit finaal af
- die leser se belangstelling moet deurgaans behou word – m.b.v. styl, retoriese stylmiddele en aksie
- lig sintuiglike besonderhede uit – sig, klank, smaak, reuk en taktiele sensasie
- het dikwels ŉ sterk beskrywende element

### VRAAG 1.2

**BESPIEGELENDE OPSTEL**

| |
|---|
| die skrywer oorweeg/deurdink ŉ idee/lewenswaarheid en gee sy/haar emosionele reaksies en gevoelens weer. Bespiegel oor ŉ droom of aspirasies. |

- sal subjektief wees
- gevoelens en emosies speel ŉ baie belangrike rol
- ŉ groot gedeelte van die opstel mag beskrywend wees. Beskrywings moet lewendig wees en daarop gemik om herinneringe/gevoelens in die leser te laat herleef
- gedagtes/idees/gevoelens wat uitgedruk word, behoort opreg te wees en persoonlike betrokkenheid te toon

### VRAAG 1.3

**BETOGENDE/ARGUMENTERENDE OPSTEL**

| |
|---|
| • die skrywer huldig ŉ spesifieke mening of gesigspunt en beredeneer dit om sy/haar standpunt te motiveer. Die skrywer se mening moet deurgaans duidelik wees.<br>• dit is ŉ subjektiewe opstel waarin die skrywer probeer om die leser te oortuig om sy/haar gesigspunt te deel. |

- kan subjektief wees en definitiewe opinies kan gestel word
- begin deur jou eie mening te gee op ’n baie oorspronklike en treffende manier
- gee ’n reeks argumente om jou gesigspunt te steun en motiveer dit
- die skrywer konsentreer op argumente vir/teen ’n standpunt – die teenoorgestelde mening word genoem om meer steun aan die eie mening te gee
- ’n verskeidenheid retoriese stylfigure en oorredingstegnieke moet gebruik word
- sterk gevoelstaal wat emosioneel kan wees, word gebruik, maar mag nie kru wees nie
- die slot is ’n sterk, duidelike en oortuigende stelling wat die skrywer se gesigspunt staaf

**VRAAG 1.4**

**BESKRYWENDE OPSTEL**

- beskryf die skrywer iets/iemand en stel die leser in staat om die onderwerp wat beskryf word, net so lewendig soos hy/sy te beleef.

- behoort ’n prentjie met woorde te teken
- woorde en uitdrukkings moet dus versigtig gekies word om die gewenste effek te kry
- gebruik sintuiglike waarnemings
- gebruik stylfigure op ’n oorspronklike manier
- kies ’n onderwerp wat reeds ervaar is (dis moeilik om iets te beskryf wat nie eerstehands ervaar is nie)

**VRAAG 1.5**

**BEREDENERENDE OPSTEL**

- is objektief en probeer om ’n gebalanseerde gesigspunt van beide kante van ’n argument te gee. Die skrywer oorweeg verskeie aspekte van die onderwerp onder bespreking en bied teenstellende menings onpartydig aan. Die skrywer mag tot ’n spesifieke gevolgtrekking kom aan die einde van die opstel, maar die argumente vir en teen die onderwerp moet goed gebalanseerd en duidelik ontleed wees in die ontwikkeling van die opstel.

- die skrywer moet beide kante van die argument verstaan en daaroor nadink op ’n onpartydigeen goed ingeligte manier
- die styl is duidelik, rasioneel en objektief. Kalm, weldeurdagte en goed ondersteunende stelling moet gemaak word
- Die toon is onemosioneel en oortuigend, maar nie neerhalend nie
- die skrywer mag aan die einde ’n aanduiding gee van sy/haar gesigspunt, maar dit mag slegs in die slot wees

**VRAAG 1.6 (Vier keuses)**

- Die vraag is só geformuleer dat ’n persoonlike inkleding van die gekose prent van die kandidaat verwag word. Die opstel wat geproduseer word, kan dus **enige een van die vyf tipes opstelle wees** soos hierbo uiteengesit van vraag 1.1 tot 1.5. Verskillende kognitiewe vlakke word dus volgens die NKV hier in ag geneem.

**TOTAAL AFDELING A: [50]**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

## VRAAG 2

**2.1 ARTIKEL:** Straatkinders – die klas het 'n projek gehad om hulle te help.

**Formaat:** 'n Hoofopskrif
'n Onderopskrif
Soos vir 'n lang opstel met paragrafering
Die skrywer

**Inhoud:** Vertellend / verhalend – sien Afdeling A nr. 1.1 en 1.2.
Kandidate kon van die volgende idees gebruik gemaak het:

- Hoekom is die kinders op straat?
- Wat doen die straatkinders alles?
- Wat het julle alles gedoen om hulle te help?
- Watter emosies het julle ervaar toe julle die kinders gehelp het?
- Het julle enige langtermynplanne om hierdie kinders aan te hou help?

**2.4 INFORMELE BRIEF:** Beantwoord 'n brief wat in *Huisgenoot* se ***Vra vir***-kolom verskyn het. Die kandidaat beantwoord die brief asof hy/sy Tina is wat 'n persoonlike brief aan die vriendin terugskryf.het. Die persoon het 'n vriendin waarvan hy / sy baie hou, maar hy / sy het die vermoë om die persoon baie kwaad te maak.

**Formaat:**

- **Voorbeelde van die adres:**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Kerkstraat 1 | Posbus 88 | Huis 342 | Plot 588 | Debrahof |
| Uitbreiding | Pleknaam | Pleknaam | Pleknaam | Pleknaam |
| Pleknaam | Kode | Kode | Kode | Kode |
| Kode | | | | |

Geen Engels, behalwe amptelike Engelse name, bv. Mandela Square, word aanvaar nie. Die woord *straat* mag nou alleen geskryf word, bv. Wessels Straat.

- **Voorbeeld van die vorm van die brief:**

| | | |
|---|---|---|
| Kerkstraat 50 | of | Kerk Straat |
| Johannesburg | | Johannesburg |
| 2000 | | 2000 |
| 17 Augustus 2000 | | 17 Augustus 2000 |

(*Laat 'n reël oop*)
Liewe Buierige Nooi
(*Laat 'n reël oop*)
Paragraaf 1
(*Laat 'n reël oop*)
Paragraaf 2/3/4 (volgens keuse)
(*Laat 'n reël oop*)

**Inhoud:** Die persoon vra om hulp / raad, want die vriendin is ŉ goeie mens en wil haar nie verloor nie.
Kandidate kon van die volgende idees gebruik gemaak het:
- Die rede vir die vriendin se probleem.
- Hoe kan jy die vriendin help?

**2.3** **VERSLAG:** Fransie was getuie van ŉ rooftog. Dit is nie vir haar ŉ probleem om vir die polisieman te vertel wat gebeur het nie óf hoe die rower gelyk het nie.

**Formaat:**

| |
|---|
| **Die kandidaat kan self oor die getal paragrawe besluit en dit kan in blokvorm gegee word.**<br>- Waaroor word daar verslag gedoen?<br>- Waar was Fransie toe die rooftog gebeur het?<br>- Wat het die Fransie alles gesien? ŉ Beskrywing van die rower en die gebeure. |

**Inhoud:** ŉ Beskrywing van die rower én die gebeure.

**2.4** **TOESPRAAK:** Dwelmmisbruik – die kandidaat of ŉ vriend(in) het hulle lewe amper weggegooi deur aan alkohol/rook/dwelms verslaaf te raak

**Formaat:** Paragrafering is nie verpligtend nie
Die skryftrant is belangrik in dié sin dat geskrewe gedagtes mondeling aangebied gaan word. Skryf soos jy praat, maar met oortuiging.

**Inhoud:** Vertellend / verhalend – sien Afdeling A nr. 1.1 en 1.2
Die vraag vereis:
- vertel hoe die persoon by die middel betrokke geraak het
- hoe dit die gesin beïnvloed het
- hoe dit die persoon se lewe beïnvloed het
- hoe die persoon uiteindelik daaruit gekom het

**TOTAAL AFDELING B: [30]**

**AFDELING C: TRANSAKSIONELE, NASLAAN- EN INFORMATIEWE, TEKSTE**

**VRAAG 3**

**3.1 ADVERTENSIE:** Ontwerp en skryf ŉ advertensie vir wiskundelesse.

**Formaat:** Enige formaat.
Let op uiteensetttting: posisionering van woorde en sinsdele/sinne, lettergroottes, opskrifte en algemene afronding vir ŉ geslaagde eindproduk.

**Inhoud:** Kandidate maak gebruik van die idees in die advertensie vir die taalkursusse soos in die vraestel gegee, maar mag nie die sinne oorskryf nie.

**3.2 ROETE-AANWYSINGS/BESKRYWING:**

**Formaat:** Paragraafvorm / puntsgewys.

**Inhoud:** Die vraag vereis
- roete-aanwysings en
- ŉ verwysing na bakens en plekke langs die pad.

**ŉ Riglyn**

| ROETE EN AANWYSINGS | BAKENS EN PLEKKE |
|---|---|
| 1. Vertrek van die Hatfield-stasie | • Vryheidspark |
| 2. deur Sunnyside, ŉ toekomstige stasie/waar ŉ stasie nog gebou gaan word | |
| 3. Bereik die ankerstasie, Pretoria | • Voortrekkermonument<br>• Zwartkop Lugmagbasis |
| 4. Centurion-stasie | • Makro<br>• Ry verby: Die Suid-Afrikaanse Munt<br>• Shell Ultra City<br>• Die Ontwikkelingsbank<br>• Tembisa-woonbuurt |
| 5. Kom by Midrand-stasie aan<br>6. tot by Marlboro-stasie en dan<br>7. na die Sandton-stasie en vandaar word die ondergrondse roete gevolg tot by<br>8. die Rosebank-stasie.<br>9. Arriveer by die ankerstasie in die Middestad van Johannesburg - Parkstasie. | |
| 10. Volg die alternatiewe roete deur Johannesburg na die Rhodesfield stasie en<br>11. eindig op die ankerstasie by die O.R.Tambo-lughawe | • Kempton Park besighede en fabrieke |

**3.3 DAGBOEKINSKRYWING:** ʼn Baie slegte dag wat die persoon nooit weer wil hê nie.

**Formaat:** Die kandidaat kan sy eie keuse uitoefen : ʼn vrye vorm wat die persoonlike aard van die dagboek weerspieël.
**Inhoud:** Die vereistes is om te vertel

- wat gebeur het
- waar dit gebeur het
- hoe die persoon voel
- wat die persoon aan die saak gaan doen

**TOTAAL AFDELING C: [20]**

**GROOTTOTAAL: 100**

**ONTLEDING VAN VRAESTEL 3**

| | VLAK 1 | | VLAK 2 | | VLAK 3 | | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| O = Onderwerp | Kandidaat se eie persoonlike en alledaagse leefwêreld | | Kandidaat se eie en onmiddellike gemeenskap en omgewing | | Kandidaat en die wye wêreld**.** | | |
| A = Aanbieding | Baie hulp: riglyne, woordeskat in tekste; antwoordblad; ens. | | Minder hulp: minder riglyne; uitdagender antwoordblad; minder woordeskat. | | Net die onderwerp; min in leiding | | |
| U=Uitdaging | Skryf net woorde | | Skryf stukke wat hoër skryfvaardighede vereis: dialoë, briewe, verhale, beskrywings, aanwysings; instruksies, ens. | | Moeiliker skryfvorme: artikels, verslae, argumenterende en bespiegelende opstelle, toesprake, ens. | | |
| | | | | | | **TOTAAL:** | |

**DENKVLAK VAN DIE SKRYFSTUK.**

**VLAK 1 = 3 PUNTE**
**VLAK 2 = 4 - 6 PUNTE**
**VLAK 3 = 7- 9 PUNTE**

**ANALISE VAN VRAESTEL**

| AFD. A VRAAG 1 | OPSTEL | O | A | U | TOTAAL | DENK-VLAK |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **1.1** | **Verhalend** | **1** | **2** | **3** | **6** | **2** |
| **1.2** | **Bespiegelend** | **3** | **3** | **3** | **9** | **3** |
| **1.3** | **Argumenterend/Betogend** | **2** | **3** | **3** | **8** | **3** |
| **1.4** | **Beskrywend** | **2** | **3** | **2** | **7** | **2** |
| **1.5** | **Beredenerend** | **3** | **3** | **3** | **9** | **3** |
| **1.6** | **Interpretasie van prente: Verhalend/Beskrywende/ Bespiegelend/Beredenerend/ Argumenterend** | **3** | **3** | **3** | **9** | **3** |

| AFD. B VRAAG 2 | LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE | O | A | U | TOTAAL | DENKVLAK |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **2.1** | **Artikel** | 2 | 2 | 2 | 6 | Vlak 2 |
| **2.2** | **Informele brief** | 2 | 2 | 2 | 6 | Vlak 2 |
| **2.3** | **Verslag** | 3 | 3 | 3 | 9 | Vlak 3 |
| **2.4** | **Voorbereide toespraak** | 3 | 2 | 3 | 8 | Vlak 3 |

| AFD. C VRAAG 3 | TRANS., NASLAAN- EN INFORMATIEWE TEKSTE | O | A | U | TOTAAL | DENKVLAK |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **3.1** | **Advertensie** | 2 | 2 | 2 | 6 | Vlak 2 |
| **3.2** | **Roete-aanwysings** | 2 | 2 | 2 | 6 | Vlak 2 |
| **3.3** | **Dagboek** | 3 | 3 | 2 | 8 | Vlak 3 |

**KONTROLELYS VIR OPSTEL EN MODERERING**

| NKV BEGINSELS | VRAAGNOMMER | KOMMENTAAR |
|---|---|---|
| 1. Sosiale transformasie | 1.1 | I.v.m. die verlede |
| 2. Uitkomsgebaseerde onderwys | Afdeling A, B en C | As uitvloeisel van UGO |
| 3. Hoë kennis/vaardigheid | Afdeling A, B en C | |
| 4. Integrasie | Afdeling A, B en C | |
| 5. Progresssie | Vlgs. NKV van gr.10 – 11 | |
| 6. Artikulasie/oordraagbaarheid | Indien kandidaat voldoen aan vereistes | |
| 7. Menseregte/inklusiwiteit / omgewings- / sosiale geregtigheid | Afdeling A, B en C | |
| 8. Waardering vir inheemse | Afdeling A, B en C | |
| 9. Geloofwaardigheid / kwaliteit / | Afdeling A, B en C | |

| | | |
|---|---|---|
| doeltreffendheid | | |
| **KRITIESE UITKOMSTE** | | |
| 1. Identifiseer/los probleme op | 1.1 2.1 2.4 | |
| 2. Werk doeltreffend in groep/e | 1.5 2.1 | Uit UGO-ervaring |
| 3. Organiseer en bestuur die self | 1.1 1.3 1.4 1.5 3.1 3.2 3.3 | |
| 4. Inligting versamel,ontleed, organiseer en evalueer | Afdeling A, B en C | |
| 5. Kommunikeer doeltreffend | Afdeling A, B en C | |
| 6. Gebruik wet./ tegn. doeltreffend | 3.1 | |
| 7. Die wêreld as sisteem: Probleme nie in isolasie | 1.1 1.5 2.1 2.2 2.3 2.4 3.2 | Uitreik na ander |
| **ONTWIKKELINGSUITKOMSTE** | | |
| 1. Verskillende leerstrategieë | Afdeling A, B en C | |
| 2. Verantwoordelike burgerskap | 1.1 2.1 2.2 2.3 | |
| 3. Kultureel / esteties sensitief | 1.1 1.2 | |
| 4. Beroepsmoontlikhede | 1.1 1.4 | |
| 5. Entrepreneurskap | 3.1 3.2 | |